Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

# GRAAD 12

# SEPTEMBER 2021

# GESKIEDENIS V1

**PUNTE:** **150**

**TYD:** **3 uur**

Hierdie vraestel bestaan uit 9 bladsye.

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit AFDELING A en AFDELING B, wat op die voorgeskrewe inhoudsraamwerk in die KABV-dokument gebaseer is.

   **AFDELING A: BRONGEBASEERDE VRAE**

   VRAAG 1: DIE KOUE OORLOG: DIE OORSPRONG VAN DIE KOUE OORLOG

   VRAAG 2: ONAFHANKLIKE AFRIKA: GEVALLESTUDIE – ANGOLA

   VRAAG 3: BURGERLIKE PROTES VANAF DIE 1950's TOT DIE 1970's: DIE BURGERREGTEBEWEGING

   **AFDELING B: OPSTELVRAE**

   VRAAG 4: UITBREIDING VAN DIE KOUE OORLOG: GEVALLESTUDIE – VIËTNAM

   VRAAG 5: ONAFHANKLIKE AFRIKA: UITDAGING WAT DIE KONGO EN TANZANIË NA AFHANKLIKHEID IN DIE GESIG GESTAAR HET

   VRAAG 6: BURGERLIKE PROTES VANAF DIE 1950's TOT DIE 1970's: DIE SWARTMAGBEWEGING

2. AFDELING A bestaan uit DRIE brongebaseerde vrae. Bronmateriaal wat benodig word om hierdie vrae te beantwoord, kan in die ADDENDUM gevind word.

3. AFDELING B bestaan uit DRIE opstelvrae.

4. Beantwoord DRIE vrae soos volg:

   4.1 Ten minste EEN moet ŉ brongebaseerde vraag wees en ten minste EEN moet ŉ opstelvraag wees.

   4.2 Die DERDE vraag kan óf ŉ brongebaseerde vraag óf ŉ opstelvraag wees.

5. Jy word aangeraai om ten minste EEN uur per vraag te bestee.

6. In die beantwoording van die vrae moet jy jou kennis, vaardighede en insig gebruik.

7. Jy sal benadeel word deur die blote oorskryf van die bronne as antwoorde.

8. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik word.

9. Skryf netjies en leesbaar.

## AFDELING A: BRONGEBASEERDE VRAE

Beantwoord ten minste EEN vraag, maar nie meer as TWEE vrae nie, in hierdie afdeling. Bronmateriaal wat benodig word om hierdie vrae te beantwoord, kan in die ADDENDUM gevind word.

### VRAAG 1: HOE HET DIE BERLYNSE BLOKKADE TOT KOUE OORLOG SPANNING TUSSEN DIE VERENIGDE STATE VAN AMERIKA (VSA) EN DIE SOWJETUNIE BYGEDRA?

Bestudeer Bron 1A, 1B, 1C en 1D en beantwoord die vrae wat volg.

1.1 Verwys na Bron 1A.

1.1.1 Watter land, volgens die bron, was na die Tweede Wêreldoorlog opverdeel? (1 x 1) (1)

1.1.2 Noem die TWEE besluite uit die bron, wat by die Potsdam-konferensie geneem was. (2 x 1) (2)

1.1.3 Hoe, volgens die bron, wou Stalin vir Duitsland ekonomies straf? (1 x 1) (1)

1.1.4 Verduidelik waarom jy dink Stalin die bekendstelling van ŉ nuwe geldeenheid deur Westerse magte as ŉ skending van hul na-oorlogse ooreenkomste beskou het. (1 x 2) (2)

1.1.5 Hoe, volgens die bron, het Stalin op die bekendstelling van ŉ nuwe geldeenheid in Wes-Berlyn gereageer? (2 x 1) (2)

1.2 Lees Bron 1B.

1.2.1 Definieer die konsep *Koue Oorlog* in jou eie woorde. (1 x 2) (2)

1.2.2 Waarom dink jy was die Geallieerdes nie bereid om ŉ gewapende konflik met die Sowjets te waag nie? (2 x 2) (4)

1.2.3 Definieer die konsep *kapitalisme* in die konteks van die Koue Oorlog. (1 x 2) (2)

1.2.4 Waarom, volgens die bron, was Stalin nie bereid om geweld teen die Westerse Geallieerdes te gebruik nie? (1 x 1) (1)

1.2.5 Noem enige TWEE lande uit die bron wat die Duitse Federale Republiek gevorm het. (2 x 1) (2)

1.2.6 Lewer kommentaar op wat geïmpliseer word deur die stelling: ‘Die geallieerdes was nou vasbeslote om Wes-Berlyn as ŉ toonbeeld vir kapitalisme op te bou’. (1 x 2) (2)

Kopiereg voorgehou 

1.3 Raadpleeg Bron 1C.

1.3.1 Noem enige TWEE items uit die bron wat die Geallieerde Magte aan Wes-Berlyn verskaf het. (2 x 1) (2)

1.3.2 Lewer kommentaar oor die impak wat die Berlynse Blokkade op gewone Berlyners gehad het. (1 x 2) (2)

1.3.3 Deur gebruik te maak van die inligting in die bron en jou eie kennis om te verduidelik waarom Wes-Berlyners nie voedsel vanaf Rusland wou aanvaar nie. (2 x 2) (4)

1.3.4 Verduidelik die bruikbaarheid van hierdie bron vir historici wat die impak van die Berlynse Blokkade op die Geallieerde Magte en burgers van Wes-Berlyn navors. (2 x 2) (4)

1.4 Bestudeer Bron 1D.

1.4.1 Verduidelik die boodskappe wat deur die foto oorgedra word. (2 x 2) (4)

1.4.2 Watter tipe vervoer is deur Westerse magte gebruik om kos na Wes-Berlyn te vervoer? (1 x 1) (1)

1.5 Verwys na Bron 1C en 1D. Verduidelik hoe die inligting in Bron 1C die bewyse in Bron 1D ondersteun met betrekking tot die hulp wat in 1948 aan Wes-Berlyn gegee is. (2 x 2) (4)

1.6 Gebruik die inligting in die relevante bronne en jou eie kennis en skryf ŉ paragraaf van ongeveer AGT reëls (ongeveer 80 woorde) waarin jy verduidelik hoe die Berlynse Blokkade tot Koue Oorlogspanning tussen die Verenigde State van Amerika en die Sowjetunie bygedra het. (8)

**[50]**

Kopiereg voorgehou 

## VRAAG 2: WAAROM HET ANGOLA DIE FOKUSPUNT VAN DIE KOUE OORLOG IN AFRIKA GEDURENDE DIE 1970's GEWORD?

Bestudeer Bron 2A, 2B, 2C en 2D en beantwoord die volgende vrae.

2.1 Verwys na Bron 2A.

2.1.1 Noem TWEE natuurlike hulpbronne in die bron wat Angola vatbaar (kwesbaar) vir buitelandse ingryping gemaak het. (2 x 1) (2)

2.1.2 Definieer die begrip '*skietstilstand*' in jou eie woorde. (1 X 2) (2)

2.1.3 Watter land, volgens die bron, het Angola voor 1975 gekoloniseer? (1 x 1) (1)

2.1.4 Noem die DRIE bevrydingsbewegings in die bron wat in 1974 'n oorgangsregering geskep het om Angola te regeer. (3 x 1) (3)

2.1.5 Verduidelik waarom jy dink Rusland besluit het om die MPLA tydens die Angolese Burgeroorlog van 1975 te ondersteun. (2 x 2) (4)

2.2 Lees Bron 2B.

2.2.1 Waarom, volgens die bron, het die krisis in Angola tot 'n Koue Oorlog slagveld na onafhanklikheid ontwikkel? (1 x 2) (2)

2.2.2 Verduidelik waarom jy dink die Verenigde State van Amerika besluit het om die FNLA en UNITA tydens die Angolese Burgeroorlog van 1975 te ondersteun. (1 x 2) (2)

2.2.3 Wat word geïmpliseer met die stelling: 'Die MPLA het ook lang gevestigde verhoudings met Fidel Castro se Kuba gehad'? (1 x 2) (2)

2.2.4 Verduidelik die begrip *onafhanklikheid* in die konteks van die Angolese Burgeroorlog van 1975. (1 x 2) (2)

2.3 Raadpleeg Bron 2C.

2.3.1 Wie, volgens die bron, het Vorster vir Suid-Afrika se ingryping in Angola geblameer? (2 x 1) (2)

2.3.2 Noem die TWEE damme in die bron wat Suid-Afrika teen die MPLA en die Kubaanse ingryping beskerm het. (2 x 1) (2)

2.3.3 Gebruik die inligting in die bron en jou eie kennis om te verduidelik waarom Suid-Afrika wou keer dat 'n vyandige MPLA-regering beheer in Angola oorneem. (2 x 2) (4)

2.3.4 Verduidelik die bruikbaarheid van hierdie bron vir geskiedkundiges wat die redes vir Suid-Afrika se betrokkenheid by die Angolese Burgeroorlog van 1975 navors. (2 x 2) (4)

2.4 Bestudeer Bron 2D.

2.4.1 Verduidelik die boodskappe wat die fotograaf oor die verhouding tussen Suid-Afrika en UNITA wil oordra. (2 x 2) (4)

2.4.2 Verduidelik wat jy dink geïmpliseer word deur die stelling: '*Die vyand van my vyand is my vriend*'. (1 x 2) (2)

2.5 Verwys na Bron 2C en 2D. Verduidelik hoe die inligting in Bron 2C die bewyse in Bron 2D ten opsigte van Suid-Afrika se betrokkenheid by die Angolese Burgeroorlog van 1975 ondersteun. (2 x 2) (4)

2.6 Gebruik die inligting in die relevante bronne en jou eie kennis en skryf 'n paragraaf van ongeveer AGT reëls (ongeveer 80 woorde) waarin jy verduidelik waarom Angola die fokuspunt van die Koue Oorlog in Afrika gedurende die 1970's geword het. (8)

**[50]**

## VRAAG 3: WATTER UITDAGINGS HET DIE LITTLE ROCK NEGE TYDENS DIE INTEGRASIE VAN SENTRAAL HOËRSKOOL IN 1957 IN DIE GESIG GESTAAR?

Bestudeer Bron 3A, 3B, 3C en 3D en beantwoord die volgende vrae.

3.1 Verwys na Bron 3A.

3.1.1 Wat, volgens die bron, was die uitspraak van die Amerikaanse hooggeregshof in *Brown versus die Raad van Onderwys van Topeka* saak? (1 x 2) (2)

3.1.2 Definieer die begrip *desegregasie* in jou eie woorde. (1 x 2) (2)

3.1.3 Wat word geïmpliseer deur die stelling, 'rasseskeiding in opvoedkundige fasiliteite was ongrondwetlik'? (1 x 2) (2)

3.1.4 Hoeveel studente het, volgens die bron, belangstelling getoon om in 1957 Sentraal hoërskool by te woon? (1 x 1) (1)

3.1.5 Verduidelik waarom jy dink die agt swart studente besluit het om by die slegs-swart Horace Mann hoërskool te bly. (1 x 2) (2)

3.2 Gebruik Bron 3B.

3.2.1 Watter bewyse in die bron dui daarop dat Elizabeth Eckford senuweeagtig met haar aankoms by Sentraal hoërskool op haar eerste skooldag was? (1 x 2) (2)

3.2.2 Haal DRIE bewyse uit die bron aan wat daarop dui dat Elizabeth Eckford se lewe in gevaar was. (3 x 1) (3)

3.2.3 Lewer kommentaar op die houding van die blanke oproerige skare teenoor die integrasie van onderwys by Little Rock hoërskool. (2 x 2) (4)

3.2.4 Watter gevolgtrekking kan oor Grace Lorch se houding teenoor Elizabeth Eckford gemaak word? (2 x 2) (4)

3.3 Raadpleeg Bron 3C.

3.3.1 Watter boodskappe word deur die foto met betrekking tot rasse-integrasie by Little Rock hoërskool oorgedra? Gebruik visuele leidrade in die bron om jou antwoorde te ondersteun. (2 x 2) (4)

3.3.2 Verduidelik die betroubaarheid van hierdie bron vir geskiedkundiges wat die Little Rock Nege-voorval in 1957 navors. (2 x 2) (4)

3.4 Bestudeer Bronne 3B en 3C. Verduidelik hoe die inligting in Bron 3B die bewyse in Bron 3C ondersteun rakende die behandeling van Elizabeth Eckford by Sentraal hoërskool. (2 x 2) (4)

3.5 Lees Bron 3D.

3.5.1 Gee TWEE redes uit die bron wat die president gedwing het om tydens die Little Rock-voorval op te tree. (2 x 1) (2)

3.5.2 Verskaf TWEE voorbeelde uit die bron wat bewys dat die nege studente nie ŉ aangename ervaring gedurende hul eerste jaar by Sentraal hoërskool in 1957 gehad het nie. (2 x 1) (2)

3.5.3 Waarom dink jy het goewerneur Faubus beveel dat die drie hoërskole in Little Rock moet sluit? (1 x 2) (2)

3.5.4 Verduidelik die konsep *integrasie* in die konteks van die Burgerregtebeweging in die VSA. (1 x 2) (2)

3.6 Gebruik die inligting in die relevante bronne en jou eie kennis en skryf ŉ paragraaf van ongeveer AGT reëls (ongeveer 80 woorde) waarin jy die uitdagings wat die Little Rock Nege in 1957 tydens die integrasie van Sentraal hoërskool in die gesig gestaar het, verduidelik. (8)

**[50]**

Kopiereg voorgehou 

## AFDELING B: OPSTELVRAE

Beantwoord ten minste EEN vraag uit hierdie afdeling, maar nie meer as TWEE vrae uit hierdie afdeling.

Jou opstel moet ongeveer DRIE bladsye lank wees.

### VRAAG 4: UITBREIDING VAN DIE KOUE OORLOG: GEVALLESTUDIE – VIËTNAM

'Operasie Rolling Thunder' was die enigste strategie wat deur die Verenigde State van Amerika in die Viëtnam-oorlog gebruik was om die verspreiding van kommunisme te beheer.

Stem jy saam met hierdie stelling? Gebruik relevante bewyse om jou argument te ondersteun. **[50]**

### VRAAG 5: ONAFHANKLIKE AFRIKA – UITDAGINGS WAT DIE KONGO NA ONAFHANKLIKHEID IN DIE GESIG GESTAAR HET

Bespreek krities die politieke en ekonomiese uitdagings wat die Kongo in die gesig gestaar het nadat hulle in 1961 onafhanklikheid van België verkry het.

Gebruik relevante voorbeelde om jou antwoord te ondersteun. **[50]**

### VRAAG 6: BURGERLIKE SAMELEWING VERSET VANAF DIE 1950's TOT DIE 1960's: DIE SWARTMAGBEWEGING

Verduidelik tot watter mate die Swartmagbeweging suksesvol was om die lewens van Afro-Amerikaners in die VSA in die 1960's te verander. **[50]**

**TOTAAL: 150**

Kopiereg voorgehou

Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

**NASIONALE**
**SENIOR SERTIFIKAAT**

# GRAAD 12

# SEPTEMBER 2021

# GESKIEDENIS V1
# ADDENDUM

Hierdie addendum bestaan uit 14 bladsye.

**VRAAG 1: HOE HET DIE BERLYNSE BLOKKADE TOT KOUE OORLOG-SPANNING TUSSEN DIE VERENIGDE STATE VAN AMERIKA (VSA) EN DIE SOWJETUNIE (USSR) BYGEDRA?**

**BRON 1A**

Hierdie bron verduidelik die redes vir Stalin se blokkade van Berlyn in 1949.

Teen die einde van die Tweede Wêreldoorlog het die Verenigde State, Frankryk en die Sowjetunie die verslane Duitsland in vier besettingsones verdeel, soos uiteengesit by die Yalta-konferensie in Februarie 1945 en later daardie jaar by Potsdam geformaliseer was. Berlyn, alhoewel dit binne die Sowjet-besette sone geleë is, is ook verdeel, met die Westelike deel van die stad onder Geallieerde beheer en die ooste onder Sowjet-beheer.

Die Sowjetunie, onder leiding van Joseph Stalin, wou Duitsland ekonomies straf en het die land gedwing om oorlogreparasies te betaal en om sy industriële tegnologie te oorhandig om die na-oorlogse Sowjet-herstel te bevorder. Aan die ander kant het die Geallieerdes Duitsland se ekonomiese herstel as van kardinale belang beskou om dit as ŉ demokratiese buffer teen die verspreiding van kommunisme in Oos-Europa te bewaar, aangesien Stalin Sowjet-invloed daar gekonsolideer het.

... In Junie het Amerikaanse en Britse amptenare die nuwe geldeenheid, die Deutschmark, in Bazonia en Wes-Berlyn bekendgestel, sonder om hul Sowjet-eweknieë in te lig. Die Sowjetunie het dit as ŉ oortreding van hul na-oorlogse ooreenkomste beskou en dadelik hul eie geldeenheid, die Ostmark, in Berlyn en Oos-Duitsland uitgereik. Op dieselfde dag – 24 Junie 1948 – het hulle alle pad, spoorlyn- en kanaaltoegang tot die Geallieerde besette sones van Berlyn geblokkeer en aangekondig dat die gesamentlike administrasie van die stad tot ŉ einde gekom het.

[Uit https:// www.history.com/topics/cold-war/berlin-blockade.Toegang op 6 Februarie 2021 verkry.]

Kopiereg voorbehou 

**BRON 1B**

Die bron hieronder fokus op die reaksie van die Westerse Magte teenoor die Russiese blokkade van Berlyn in 1949.

Die Berlynse Blokkade was die eerste ernstige botsing tussen die lede van die voormalige Groot Alliansie, en vanaf daardie oomblik was dit baie duidelik dat die Koue Oorlog begin het. Die Westerse Bondgenote was nie bereid om gewapende konflik met die Sowjetunie te waag om die pad na Wes-Berlyn oop te maak nie. Hulle het besluit dat hul sektore van Berlyn (wes) deur die lug voorsien sou word. Dit het bekend geword as die Berlynse Lugbrug en dit het vir elf maande geduur totdat die Blokkade in Mei 1949 opgehef is.

By die hoogtepunt van die Berlynse Lugbrug het ʼn vliegtuig van die Westerse magte elke minuut by Berlyn se Templehof-lughawe geland. Dit het die VSA $350 miljoen en Brittanje £17 miljoen gekos om Wes-Berlyn op hierdie wyse te voorsien.

Stalin was ook nie bereid om mag te gebruik om die Westerse bondgenote te verhoed om Wes-Berlyn per lug te voorsien nie, omdat hy nie in ʼn oorlog betrokke wou raak nie. In Mei 1949 het Stalin die Blokkade beëindig.

Die Geallieerdes was nou vasbeslote om Wes-Berlyn as ‘n toonbeeld van kapitalisme op te bou. Baie Duitsers van die Sowjet-sone het na Wes-Berlyn verhuis. Duitsland en Berlyn sou vir die duur van die Koue Oorlog ʼn bron vir spanning in Europa bly.

In April 1949 het die VSA, Brittanje en Frankryk amptelik die vorming van die Duitse Federale Republiek (Wes-Duitsland) aangekondig. Teen 1949 was daar ʼn wêreldwye bewustheid van ʼn Koue Oorlog.

[Uit https://www.bbc.co.uk/bitesize/guides/zgdnmsg/revision/4 Toegang op 6 Februarie 2021 verkry.]

## BRON 1C

Die uittreksel hieronder beskryf die impak van die Berlynse Blokkade op die Geallieerde Magte en burgers van Wes-Berlyn.

Tussen 24 Junie 1948 en 30 September 1949 het Britse en Amerikaanse soldate sowat 400 000 vlugte na Wes-Berlyn gemaak en byna twee miljoen ton kos, steenkool, klere en ander noodsaaklikhede afgelewer. Gedurende die besigste dae het ŉ vliegtuig elke 45 sekondes by een van die drie lughawens in Wes-Berlyn geland. Vlieëniers het selfs die riviere as aanloopbane gebruik om hul noodsaaklike vragte in te bring. Berlyn se Havelrivier was ŉ landingsterrein vir amfibiese vliegtuie (vliegtuie wat op water kan land) wat aan die lugbrug deelneem het.

Selfs met voorrade wat deur Westerse nasies geskenk is, het geblokkeerde Berlyners egter nie ŉ maklike jaar gehad nie. Daar was só ŉ tekort aan brandstof dat kragsentrales vir slegs ŉ paar uur elke dag elektrisiteit kon voorsien. Voedselrantsoenerings het hoofsaaklik bestaan uit ontwaterde (gedroogde) aartappels en vars kosse was glad nie beskikbaar nie. In die winter het die son voor vieruur gesak. Die mense van Wes-Berlyn het in hul koue, donker huise sonder hitte, lig of ŉ warm maaltyd saamgedrom om hulle op te beur.

Die Wes-Berlyners was nietemin vasbeslote om nie aan Sowjet-druk toe te gee nie. Hulle het geweier om kos van die kommunistiese regering van Oos-Berlyn te aanvaar.

[Uit *A History of the United States, VolumeII:1865 to the Present – American Voices* deur S Foresman]

Kopiereg voorbehou 

**BRON 1D**

Hierdie bron is 'n foto wat voorrade, wat die Westerse Magte aan Wes-Berlyn tussen 1948 en 1949 verskaf het, uitbeeld.



[Uit https://schoolshistory.org.uk/topics/world-history/cold-war-1945-1972/berlin-airlift/. Toegang op 05 Januarie 2021 verkry.]

## VRAAG 2: WAAROM HET ANGOLA DIE FOKUSPUNT VAN DIE KOUE OORLOG IN AFRIKA IN DIE 1970's GEWORD?

### BRON 2A

Hierdie bron fokus op die oorsprong van die Angolese Onafhanklikheidsoorlog.

Angola, wat ryk aan diamante en olie was, was een van die laaste Afrika-nasies wat onafhanklikheid van ŉ Europese mag ontvang het. Op 25 April 1974 het ŉ Portugese militêre staatsgreep, wat die land se koloniale praktyke teengestaan het, die regime suksesvol omver gewerp. Die gesamentlike magte van die Popular Movement for the Liberation of Angola (MPLA), die National Front for the Liberation of Angola (FNLA), en die National Union for Total Independence of Angola(UNITA) het ŉ oorgangsregering met die Alvor-verdrag van 1974 geskep.

Binne ŉ jaar het die regering gedisintegreer (ineengestort), en die Marxistiese-georiënteerde MPLA onder Jose dos Santos het beheer oor die grootste deel van Angola verkry met hulp van die USSR en die Kubaanse weermag. Die Verenigde State, Brasilië en Suid-Afrika het UNITA befonds, wat ammunisie, intelligensie-verslae en huursoldate verskaf het.

Hewige gevegte het tot 1991 voortgeduur totdat ŉ tydelike ooreenkoms bekend as die Bicesse-akkoord bereik is. Die ooreenkoms het ŉ beroep op ŉ onmiddellike skietstilstand en die verwydering van albei Suid-Afrikaanse troepe gedoen. Die ooreenkoms het ŉ mandaat vir ŉ nuwe nasionale regering en weermag verskaf, tesame met Angola se eerste veelpartyverkiesings.

[Uit www.blackpast.org>angolan-civil-war1975-2002 Toegang op 7 Februarie 2021 verkry.]

**BRON 2B**

Hierdie bron verduidelik die betrokkenheid van die supermoondhede in die Angolese Burgeroorlog van 1975.

Die krisis in Angola het ontwikkel tot ŉ Koue Oorlog-slagveld namate die supermoondhede en hul bondgenote militêre hulp aan hul voorkeurkliënte gelewer het. Die Verenigde State van Amerika het hulp en opleiding aan beide die FNLA en UNITA verskaf , terwyl troepe van Zaïre Holden Roberto en sy soldate bygestaan het. China het ook militêre instrukteurs gestuur om die FNLA op te lei. Die Sowjetunie het militêre opleiding en toerusting vir die MPLA verskaf. Gedurende die somer van 1975 kon die Sowjet-ondersteunde MPLA mag in Luanda konsolideer en die VSA-ondersteunde FNLA uit die hoofstad verdryf, maar die FNLA het voortgegaan om aan te val. Die oorblywende Portugese troepe kon nie die geweld stuit (stop) nie. Toe MPLA-leier Agostino Neto 11 November 1975 aangekondig het as die dag van Angolese onafhanklikheid, het Lisabon besluit om sy troepe op daardie dag te onttrek.

Die MPLA het ook lang gevestigde verhoudings met Fidel Castro se Kuba gehad. Voor 1 November het die MPLA met Castro vir Kubaanse hulp onderhandel. Terselfdertyd het UNITA, wat Amerikaanse steun geniet het, die apartheidsregering in Suid-Afrika genader vir militêre versterking. Pretoria het, met die doel om die gebruik van Angola as basis vir rebelle wat vir die onafhanklikheid van die Suid-Afrika-besette Namibië geveg het te beëindig, troepe gestuur wat Suidelike Angola in Oktober betree het en vinnige opgang in die rigting van die hoofstad gemaak het. In reaksie hierop het Castro Kubaanse spesiale magte gestuur om die Suid-Afrikaanse opmars te stop en het daarin geslaag om aandag te vestig op die feit dat die Verenigde State steun verleen het aan ŉ groep wat nou hulp van ŉ apartheidsregering aanvaar het.

[Uit history.state.gov/milestone/1969-1976/angola-. Toegang op 8 Februarie 2021 verkry.]

**BRON 2C**

Die onderstaande bron verduidelik die redes vir Suid-Afrika se betrokkenheid by die Angolese burgeroorlog van 1975.

In die Volksraad in Januarie 1976 het Vorster (Suid-Afrikaanse premier) die skuld vir die ingryping van Suid-Afrika in Angola vierkantig op die skouers van die Russe en Kubane geplaas: Ons betrokkenheid was die effek van die Russiese en Kubaanse ingryping. As hulle nie Angola binnegekom het nie, as hulle nie aan hierdie saak deelgeneem het nie, sou hulle die hele Angola nie probeer ondermyn (ondermyn) en die mense onderdruk het nie, sou Suid-Afrika nooit Angola binnegekom het nie ... Ons het ingegaan om Kuba en die MPLA van die damme weg te jaag (Ruacana en Calueque)'.

Dit kan beswaarlik betwyfel word dat die steun wat die Russe en die Kubane aan die MPLA in die vorm van wapens en opleiding gegee het, in 'n mate daartoe bygedra het om die ingryping van Suid-Afrika te motiveer, maar dit is onwaarskynlik dat dit so ŉ deurslaggewende rede was as wat Vorster geïmpliseer het. Dit was SWAPO, nie die Kubane en die MPLA nie, wat die twee damme tussen Ruacana en Calueque bedreig het. Die hoofrede vir Suid-Afrika se ingryping in Angola was nie die teenwoordigheid van Russe en Kubane nie, maar die begeerte om te keer dat ŉ vyandige MPLA-regering beheer oorneem. Toe Suid-Afrikaanse troepe vroeg in Oktober Angola binneval, was daar amper geen Russe en baie min Kubane in die land.

Daar is ook bewyse dat president Kaunda van Zambië en president Mobutu van Zaire, wie nie die MPLA goedgesind was nie, Suid-Afrika se steun vir die FNLA en UNITA verwelkom het.

... Suid-Afrika se optrede het haar geleidelik dieper in die Angolese oorlog getrek ... Generaal Hendrik van den Bergh is na Frankryk gestuur om wapens ter waarde van R20 miljoen vir die FNLA en UNITA aan te skaf ... Suid-Afrikaanse instrukteurs het begin om FNLA en UNITA soldate in Suid-Angola op te lei.

[Vertaal uit *South Africa in the 20th Century* by BJ Liebenberg and SB Spies]

**BRON 2D**

Die onderstaande foto het in *The Observation Post* verskyn en is getiteld, *'Die vyand van my vyand is my vriend'*. Dit beeld Magnus Malan, PW Botha en Jonas Savimbi uit op die grens van Angola tydens die Angolese burgeroorlog van 1975.



[Uit https://samilhistory.com/2017/08/19/the-enemy-of-my-enemy-is-my-friend/#comments. Toegang op 12 Julie 2021 verkry.]

**VRAAG 3: WATTER UITDAGINGS HET DIE LITTLE ROCK NEGE TYDENS DIE INTEGRASIE VAN DIE SENTRAAL HOËRSKOOL IN 1957 IN DIE GESIG GESTAAR?**

**BRON 3A**

Hierdie bron beskryf die rede vir die integrasie van opvoedkundige fasiliteite in Arkansas in die 1950's.

Op 17 Mei 1954 het die Amerikaanse hooggeregshof eenparig in *Brown versus Raad van Onderwys van Topeka* beslis dat rasse-segregasie in opvoedkundige fasiliteite ongrondwetlik was. Vyf dae later het die Little Rock skoolraad 'n verklaring uitgereik en verklaar dit hulle aan die besluit sal voldoen toe die hooggeregshof die metode en tydsraamwerke waarin desegregasie geïmplementeer moet word, uiteengesit het.

Arkansas was destyds onder die meer progressiewe Suidelike State ten opsigte van rassekwessies. Die Universiteit van Arkansas Skool vir Regte was geïntegreer in 1949 en die Little Rock openbare biblioteek in 1951. Selfs voordat die Hooggeregshof beveel het dat integrasie 'met alle doelbewuste spoed' moes voortgaan, het die Little Rock skoolraad in 1955 eenparig 'n plan van integrasie aangeneem om in 1957 op hoërskoolvlak te begin.

… In die lente van 1957 was daar 517 swart studente wat in die Sentraal hoërskool-distrik gewoon het. Tagtig het 'n belangstelling uitgespreek om Sentraal in die herfs by te woon, en hulle is deur die Little Rock skoolraad ondervra, wat die aantal kandidate tot 17 verminder het. Agt van daardie studente het later besluit om by die slegs-swart Horace Mann hoërskool aan te bly en die Little Rock Nege agtergelaat om hul pad na Little Rock se premier hoërskool te maak.

[Uit www.history.com>central high. Toegang op 8 Februarie 2021 verkry.]

**BRON 3B**

Hierdie bron fokus op Elizabeth Eckford se ervarings op 4 September 1957, haar eerste dag by Sentraal hoërskool.

Die eerste toneel wat Eckford gesien het toe sy uit die bus klim, wat ŉ blok van die Sentraal hoërskool was, was ŉ see van woedende gesigte. Sy het skool toe probeer loop, maar ŉ bespottende oproerige skare het haar pad geblokkeer. Alleen, en met knieë wat bewe, het sy haar pad deur die skare gemaak. Sy het hard probeer om nie haar bangheid te wys nie. "Dit was die langste blok wat ek ooit in my hele lewe geloop het", het sy later gesê. Eckford was een van nege studente wat vrywillig aangebied het om een van die eerste Swart-Amerikaners te wees om Sentraal hoërskool by te woon. Toe sy daardie oggend na die skool vertrek het, het Eckford gedink dat daar dalk moeilikheid kon wees. Maar sy het nie geweet dat sy honderde woedende witmense sou sien wat sedert vroegoggend vir haar gewag het nie. Skielik het ŉ kreet deur die skare gegaan. Elizabeth Eckford het probeer om die skool binne te gaan.

Eckford het na die Nasionale Wagte teruggedraai, maar hulle het niks gedoen nie. Sy het terug na die bushalte gestap en op die bank gaan sit. Weereens het die oproerige skare haar omsingel. 'Kry ŉ tou. Sleep haar oor na hierdie boom! Kom ons maak ŉ plan met die neger.' ŉ Wit vrou het haar pad deur die oproerige skare gemaak en geskree, 'Los hierdie kind alleen.' Waarom martel (ontstel) julle haar?' Ses maande van nou af, sal julle jul koppe in skaamte hang.' Die vrou, Grace Lorch, het saam met Eckford op die bank gaan sit. Sy het haar arm om die meisie gesit en daar gebly totdat die bus opgedaag het.

Mev. Lorch het saam met Eckford gery totdat sy by die skool afgeklim het waar haar ma onderrig het.

[Uit http://www.ahsd.org/ socialstudies/williamsm/The%20Mob%20at%20Central%20High%20School.pdf. Toegang op 9 Februarie 2016 verkry.]

**BRON 3C**

Hierdie foto toon Elizabeth Eckford, een van die nege swart studente wat by die slegs-blanke Sentraal hoërskool in Little Rock, Arkansas, in Augustus 1957 gaan inskryf het. Agter haar is ŉ groep ouers en lede van die Nasionale Wag wat haar weens haar ras geteister het.



[Uit: https://www.history.com/this-day-in-history/central -high-school-integrated. Toegang op 10 Februarie 2021 verkry.]

**BRON 3D**

Hierdie bron fokus op die gebeure wat plaasgevind het nadat die Little Rock Nege in 1957 by die Sentraal hoërskool begin het.

Daardie aand, vanuit die Wit Huis, het die president ŉ nasionaal uitgesaaide toespraak gelewer waarin hy verduidelik het dat hy die aksie geneem het om die oppergesag van die reg te verdedig en 'eie reg deur oproerige skares' en 'anargie' te voorkom. Op 25 September 1957 het die Little Rock Nege die skool onder hewige gewapende beskerming binnegegaan.

Troepe het regdeur die skooljaar by die Sentraal hoërskool aangebly, maar die Swart studente was nog steeds aan verbale en fisieke aanrandings aan die hand van ŉ faksie wit studente blootgestel. Melba Patillo, een van die nege, was met suur in haar oë gegooi en Elizabeth Eckford was van ŉ stel trappe afgestoot. Die drie manlike studente in die groep was aan meer konvensionele (gewone) aanrandings onderwerp. Minnijean Brown was geskors nadat sy ŉ bak kerriekos oor die kop van ŉ tergende wit student gestort het. Sy was later vir die res van die jaar geskors nadat sy voortgegaan het om terug te veg.

Die ander agt studente het konsekwent die ander wang gegee. Op 27 Mei 1958 het Ernest Green die eerste Swart persoon geword wat aan die Sentraal hoërskool gegradueer het. Goewerneur Faubus het voortgegaan om die skoolraad se integrasie- plan te beveg, en in September 1958 het hy Little Rock se drie hoërskole beveel om eerder te sluit as om integrasie toe te laat. Baie Little Rock-studente het ŉ jaar van onderrig verloor namate die regsgeveg oor desegregasie voortgegaan het.

[Uit: www.history.com>central-high… Toegang op 8 Februarie 2021 verkry.]

## ERKENNINGS

Visuele bronne en ander historiese bewyse is uit die volgende verkry:

*A History of the United States, Volume II:1865 to the Present – American Voices* by S Foresman

historytoday.com

http://www.ahsd.org/socialstudies/williamsm/The%20Mob%20at%20Central%20High%20School.pdf

images.app.goo.gl/e27YpuvQ5ar9M6

www.atomicheritage.org>history

www.blackpast.org>angolan-civil-war1975-2002

www.history.com/this-day-in-history/central -high-school-integrated

www.history.com/topics/cold-war/berlin-blockade.

www.history.com>central

www.history.com>central-high…

https://samilhistory.com/2017/08/19/the-enemy-of-my-enemy-is-my-friend/#comments

*South Africa in the 20th Century* by BJ Liebenberg and SB Spies

Kopiereg voorbehou

Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

**NASIONALE**
**SENIOR SERTIFIKAAT**

# GRAAD 12

# SEPTEMBER 2021

# GESKIEDENIS V1
# NASIENRIGLYN

**PUNTE: 150**

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 24 bladsye.

1. **BRONGEBASEERDE VRAE**

1.1 **Die volgende kognitiewe vlakke is gebruik om brongebaseerde vrae te ontwikkel:**

| KOGNITIEWE VLAKKE | HISTORIESE VAARDIGHEDE | GEWIGS-TOEKENNING VAN VRAE |
|---|---|---|
| **VLAK 1** | • Onttrek inligting uit bronne.<br>• Selektering en organisasie van relevante inligting uit bronne.<br>• Definieer historiese begrippe/terme. | **30%<br>(15)** |
| **VLAK 2** | • Interpretasie van bewyse uit bronne.<br>• Verduidelik inligting verkry uit bronne.<br>• Analiseer bewyse uit bronne. | **40%<br>(20)** |
| **VLAK 3** | • Interpreteer en evalueer bewyse uit bronne.<br>• Skakel met bronne om bruikbaarheid, betroubaarheid, eensydigheid en beperkings vas te stel.<br>• Vergelyk en kontrasteer interpretasies en perspektiewe in die bronne en kom tot onafhanklike gevolgtrekkings. | **30%<br>(15)** |

1.2 **Die inligting hieronder dui aan hoe brongebaseerde vrae geassesseer word:**

- By die nasien van brongebaseerde vrae moet krediet gegee word vir enige ander geldige en toepaslike standpunte, argument, bewyse of voorbeelde.
- Met die toekenning van punte moet aandag gegee word aan hoe daar aan die vereistes van die vraag voldoen is.
- In die nasienriglyn word die vereistes van die vraag (vaardighede waaraan aandag gegee moet word) sowel as die vlak van die vraag in kursiefgedrukte skrif aangedui.
- By die assessering van die oop brongebaseerde vrae moet kandidate krediet kry vir enige relevante antwoord.
- Daar word van leerlinge verwag om ‘n standpunt in te neem in die beantwoording van ‘tot watter mate’ vrae om enige punte te verdien.

1.3 **Assesseringsprosedures vir brongebaseerde vrae**

- Gebruik ’n regmerk (✓) vir elke korrekte antwoord
- Gee aandag aan die puntetoekenning bv. (2 x 2) wat neerkom op twee redes en word twee punte elk toegeken (✓✓✓✓); (1 x 2) wat neerkom op een rede en twee punte toegeken word (✓✓)
- Indien ’n vraag 4 punte tel word 4 regmerke (✓✓✓✓) aangedui

**Paragraafvraag**

Paragrawe behoort globaal (holisties) geassesseer te word. Beide die inhoud en die struktuur van die paragraaf moet in berekening gebring word wanneer punte toegeken word. Die volgende stappe moet gebruik word wanneer ŉ antwoord op ŉ paragraafvraag geassesseer word:

- Lees die paragraaf en plaas ŉ kolpunt ( . ) by elke punt binne-in die teks waar die kandidaat relevante bewyse gebruik het om die vraag te beantwoord.
- Lees die paragraaf weer om die mate te evalueer waarin die kandidaat in staat was om relevante bewyse te gebruik om die paragraaf te beantwoord.
- Maak regmerkies (√) wat aan die kandidaat toegeken is vir die paragraaf aan die einde van die paragraaf; sowel as die vlak (1, 2 of 3) soos aangedui in die holistiese rubriek en gee ŉ kort kommentaar bv.

__________ . ________________________ . __________________

________________ . ________________________ . __________

√√√√ Vlak 2

Gebruik meestal relevante bewyse om die paragraaf te skryf

- Tel al die regmerke vir die brongebaseerde vrae op en skryf dan die punt aan die regterkantse onderste kantlyn, bv. 32/50
- Maak seker dat die totale punte akkuraat na die buiteblad van die antwoordeboek oorgedra word.

2. **OPSTELVRAE**

2.1 **Die opstelvrae vereis dat kandidate:**

- In staat sal wees om hul argument op ŉ logiese en samehangende wyse te stel. Hulle moet die relevante inligting kan selekteer, organiseer en bymekaarvoeg sodat dit vir hulle moontlik sal wees om ŉ redelike reeks feite of ŉ effektiewe argument te kan weergee om sodoende die gestelde vraag te beantwoord. Dit is noodsaaklik dat ŉ opstel ŉ inleiding, ŉ samehangende en gebalanseerde liggaam van bewyse en ŉ slot het.

2.2 **Nasien van opstelvrae**

- Nasieners moet daarop let dat die inhoud van die antwoord gelei sal word deur die handboeke wat by ŉ spesifieke sentrum gebruik is.
- Kandidate mag enige ander toepaslike inleiding en/of samevatting hê as dit wat ingesluit is by ŉ riglyn vir nasien van ŉ spesifieke opstel.
- By die assessering van die oop brongebaseerde vrae moet kandidate krediet kry vir enige ander relevante antwoord.

2.3 **Globale assessering van die opstel**

Die opstel skryfwerk sal holisties (globaal) geassesseer word. Hierdie benadering vereis dat die onderwyser die totale produk as 'n geheel sal bepunt sonder om die samestellende dele individueel te bepunt. Hierdie benadering moedig die leerder aan om 'n individuele mening aan te bied deur gebruik te maak van geselekteerde feitelike bewyse om 'n argument te ondersteun. Daar sal nie van die leerder verwag word om slegs 'feite' neer te skryf om 'n beter punt te behaal nie. Hierdie benadering sal leerders ook ontmoedig om 'model-antwoorde' voor te berei en te reproduseer sonder om die spesifieke vereistes van die vraag in ag te neem. Holistiese nasien van opstelle gee krediet aan leerders se mening, ondersteun deur bewyse. Anders as by inhoudsgebaseerde nasien, word leerders met holistiese assessering nie vir ontoereikende taalgebruik gepenaliseer nie, aangesien die klem op die volgende val:

- Die konstruksie/daarstelling van 'n argument.
- Die toepaslike seleksie van feitelike bewyse om sodanige argument te ondersteun.
- Die leerder se interpretasie van die vraag.

2.4 **Assesseringsprosedures vir die opstel**

2.4.1 Hou die sinopsis in gedagte wanneer die skryfwerk nagesien word.

2.4.2 Tydens die deurlees van die skryfwerk moet regmerkies toegeken word vir 'n relevante inleiding (aangedui met 'n kolpunt ('bullet') in die nasienriglyn), vir elke hoofmoment/aspek wat volledig gekontekstualiseer is en 'n relevante slotopmerking (aangedui met 'n kolpunt in die nasienriglyn) bv. 'n antwoord waar daar 5 hoofpunte is, sal daar dus 7 regmerkies wees.

2.4.3 Hou die **PEEL-struktuur** in gedagte by die assessering van 'n opstel.

| | |
|---|---|
| P | **Punt:** Die kandidaat lei die opstel in met 'n argument/'n duidelike hoofpunt.<br>Elke paragraaf moet 'n punt bevat wat die hoofpunt (argument) wat in die inleiding gemaak is, ondersteun. |
| E | **Verduideliking:** Die kandidaat moet in groter detail bespreek waaroor die hoofpunt (argument) gaan en hoe dit verband hou met die vraag wat gevra is. |
| E | **Voorbeeld:** Die kandidate moet die vraag beantwoord deur inhoud te selekteer wat relevant is tot die argument. Relevant voorbeelde moet gegee word om die argument vol te hou. |
| L | **Skakel:** Kandidate moet seker maak dat die argument deurgaans in die opstel onderhou word en samehangend geskryf is. |

2.4.4 Die volgende simbole MOET in die assessering van opstel gebruik word:

- Inleiding, hoofaspekte en slotopmerking nie behoorlik gekontekstualiseer nie ^
- Verkeerde stelling ________________
- Irrelevante stelling |
- Herhaling R
- Analise A√
- Interpretasie I√
- Argument LOA↕

2.5 **Die matriks**

2.5.1 Gebruik van die matriks vir die assessering van opstelle.

By die nasien van opstelle, moet die kriteria gebruik word wat in die matriks voorsien word. Tydens die assessering van 'n opstel moet beide die inhoud en die aanbieding in ag geneem word. 'n Punt word toegeken by die snypunt van die inhoud en aanbieding, gebaseer op die sewe vaardigheidsvlakke.

(a) Met die eerste deurlees van die opstel word daar bepaal tot watter mate die hoofmomente gedek is om en die **inhoudsvlak** (op die matriks) vas te stel.

| | | |
|---|---|---|
| I | VLAK 4 | |
| | | |

(b) Die tweede deurlees van die opstel sal die vlak (op die matriks) van die **aanbieding** bepaal.

| | | |
|---|---|---|
| I | VLAK 4 | |
| A | VLAK 3 | |

(c) Ken 'n algehele punt toe met behulp van die matriks.

| | | |
|---|---|---|
| I | VLAK 4 | }26–27 |
| A | VLAK 3 | |

**KOMMENTAAR**

Vraag herkenbaar in antwoord.
Toon soms bewys van 'n gestruktureerde en beplande argument.

## NASIENMATRIKS VIR OPSTEL: TOTAAL: 50

| AANBIEDING → / INHOUD ↓ | VLAK 7 | VLAK 6 | VLAK 5 | VLAK 4 | VLAK 3 | VLAK 2 | VLAK 1 |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Baie goed beplande en gestruktureerde opstel. Goeie sintese van inligting. Het 'n goed gebalanseerde, oorspronklike argument ontwikkel met bewyse. Argument deurgaans volgehou en verdedig. Onafhanklike gevolgtrekking gemaak uit bewyse om die argument te ondersteun. | Baie goed beplande en gestruktureerde opstel. 'n Relevante argument is gevolg. Bewyse gebruik om die argument te verdedig. Poog om 'n onafhanklike gevolgtrekking uit die bewyse te maak om die argument te ondersteun. | Goed beplande en gestruktureerde opstel. Poog om 'n duidelike argument te ontwikkel. Gevolgtrekking gemaak uit bewyse om die argument te ondersteun. | Argument beplan en gestruktureer. Bewyse tot 'n sekere mate gebruik om argument te ondersteun. Slotsom bereik op grond van bewyse. | Toon soms bewys van 'n gestruktureerde en beplande argument. Poog om 'n argument vol te hou. Gevolgtrekking nie duidelik ondersteun deur bewyse nie. | Poging aangewend om antwoord te struktureer. Grootliks beskrywend of poog om argument te ontwikkel. Geen poging om 'n gevolgtrekking te maak nie. | Weinig of geen poging om die opstel te struktureer nie. |
| **VLAK 7** Vraag is ten volle beantwoord. Inhoudskeuse ten volle relevant tot argument wat gevolg is. | 47–50 | 43–46 | | | | | |
| **VLAK 6** Vraag is beantwoord. Inhoudseleksie relevant tot argument wat gevolg is | 43–46 | 40–42 | 38–39 | | | | |
| **VLAK 5** Vraag grotendeels beantwoord. Inhoud toereikend en relevant. | 38–39 | 36–37 | 34–35 | 30–33 | 28–29 | | |
| **VLAK 4** Vraag herkenbaar in antwoord. Sommige weglatings of irrelevante keuse van inhoud. | | | 30–33 | 28–29 | 26–27 | | |
| **VLAK 3** Keuse van inhoud hou verband met vraag, maar beantwoord dit nie. Hou soms nie verband met die vraag nie. Weglatings. | | | | 26–27 | 24–25 | 20–23 | |
| **VLAK 2** Vraag ontoereikend beantwoord. Inhoud skraal. | | | | | 20–23 | 18–19 | 14–17 |
| **VLAK 1** Vraag ontoereikend beantwoord of glad nie. Ontoereikend of irrelevante inhoud. | | | | | | 14–17 | 0–13 |

### *Riglyne vir die toekenning van 'n punt in Vlak 1:

- Vraag glad nie beantwoord nie/totaal irrelevante inhoud; geen poging om die opstel te struktureer nie = 0
- Vraag sluit basiese en algemene irrelevante inligting in; geen poging om die opstel te struktureer nie = 1–6
- Vraag ontoereikend en vaag beantwoord; effense poging om die opstel te struktureer = 7–13

## AFDELING A: BRONGEBASEERDE VRAE

### VRAAG 1 HOE HET DIE BERLYNSE BLOKKADE TOT KOUE OORLOG-SPANNING TUSSEN DIE WESTERSE MAGTE EN DIE SOWJETUNIE BYGEDRA?

1.1 1.1.1 *Onttrekking van bewyse uit Bron 1A – V1]*
- Duitsland (1 x 1) (1)

1.1.2 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1A – V1]*
- Duitsland is in vier besetting sones verdeel
- Berlyn is ook verdeel, met die Westelike deel van die stad onder Geallieerde beheer en die ooste onder Sowjet-beheer. (2 x 1) (2)

1.1.3 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1A – V1]*
- 'dwing die land om oorlogreparasies te betaal'
- 'om sy industriële tegnologie te oorhandig om die na-oorlogse Sowjet-herstel te bevorder' (Enige 1 x 1) (1)

1.1.4 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 1A – V1]*
- Dit is omdat daar geen ooreenkoms by Yalta of Potsdam bereik is op 'n eenvormige geldeenheid vir die verskillende sones nie.
- Die Geallieerdes het Rusland nie ingelig oor die bekendstelling van die nuwe geldeenheid nie, alhoewel hulle Berlyn gesamentlik beheer het.
- Enige ander relevante antwoord (Enige 1 x 2) (2)

1.1.5 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1A – V2]*
- Die Sowjetunie het dadelik hul eie geldeenheid, die Ostmark, in Berlyn en Oos-Duitsland uitgereik.
- 'Op dieselfde dag – 24 Junie 1948 – het hulle alle pad-, spoorlyn- en kanaal toegang tot die Geallieerde besette sones van Berlyn geblokkeer en aangekondig dat die gesamentlike administrasie van die stad tot ŉ einde gekom het.' (2 x 1) (2)

1.2 1.2.1 *[Definisie van historiese konsep uit Bron 1B – V1]*
- Koue oorlog is ŉ ideologiese stryd tussen kapitalisme en kommunisme sonder om by fisiese gevegte betrokke te raak.
- Enige ander relevante antwoord (Enige 1 x 2) (2)

1.2.2 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 1B – V2]*
- Hulle wou ŉ vurige oorlog vermy.
- Hulle wou nie as die aggressor beskou word nie.
- Duitsland het pas uit ŉ 6-jarige oorlog gekom, en nog ŉ oorlog sou verwoesting veroorsaak het.
- ŉ Gewapende konflik in Berlyn sou tot die dood van duisende Duitsers gelei het.
- Enige ander relevante antwoord (Enige 2 x 2) (4)

1.2.3 *[Definisie van historiese konsep uit Bron 1B – V2]*
- Ekonomiese stelsel op privaat besit gebaseer
- Enige ander relevante antwoord (Enige 1 x 2) (2)

1.2.4 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1B – V1]*
- Hulle was nie bereid om gewapende konflik met die Sowjetunie te waag nie. (1 x 1) (1)

1.2.5 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1B – V1]*
- VSA
- Brittanje
- Frankryk (Enige 2 x 1) (2)

1.2.6 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 1B – V2]*
- Om die ekonomiese herstel van Wes-Berlyn te bespoedig.
- Om aan die wêreld te wys dat kapitalisme beter as kommunisme is.
- Om die sukses van kapitalisme te demonstreer.
- Om moontlike onluste onder die inwoners van Wes-Berlyn te verhoed.
- Om verdeeldheid in Oos-Duitsland en Oos-Berlyn teweeg te bring.
- Om verdeeldheid onder kommunistiese denke teweeg te bring.
- Enige ander relevante antwoord (Enige 1 x 2) (2)

1.3 1.3.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1C – V1]*
- Kos
- Steenkool
- Klere
- Ander noodsaaklikhede (Enige 2 x 1) (2)

1.3.2 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 1C – V2]*
- Hulle was afgesny van noodsaaklike benodighede
- Inwoners was afgesny van familie wat in ander sones gewoon het.
- Inwoners van Wes Berlyn was nou blootgestel aan kragonderbrekings, voedseltekorte en voedselrantsoenering
- Inwoners van Wes Berlyn was nadelig deur die blokkade getref
- Enige ander relevante antwoord (Enige 1 x 2) (2)

1.3.3 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 1C – V2]*
- Hulle wou hul weerstand teen die blokkade ten toon stel
- Hulle wou nie ingee vir kommunistiese druk nie
- Hulle wil Rusland wys dat hulle nie van hulle afhanklik was nie
- Om hul vasberadenheid om onder ŉ kapitalistiese bestel te leef, te demonstreer.
- Hulle sou hul onafhanklikheid verloor indien hulle hulp vanaf Rusland sou aanvaar.
- Enige ander relevante antwoord (Enige 2 x 2) (4)

1.3.4 *[Evalueer die bruikbaarheid van bewyse uit Bron 1C – V3]*

**Die bron is BRUIKBAAR omdat:**

- Dit wys dat die Geallieerdes nie vir Russiese druk ingegee het nie
- Dit gee die fyner besonderhede van die lugbrug wat die Geallieerdes gebruik het om Wes Berlyn van voorrade te voorsien
- Dit demonstreer die Geallieerdes se vasberadenheid om kommunisme in te perk
- Dit demonstreer die Geallieerdes se vasberadenheid om kapitalistiese en demokratiese lande te beskerm en ondersteun.
- Enige ander relevante antwoord (Enige 2 x 2) (4)

1.4 1.4.1 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 1D – V2]*

- Dit wys Westerse magte wat noodsaaklikhede in Wes-Berlyn aflewer
- Hulle het vliegtuie gebruik om kos gedurende die Berlynse-Blokkade af te lewer
- Enige ander relevante antwoord (Enige 2 x 2) (4)

1.4 1.4.2 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1D – V1]*

- Vliegtuie (1 x 1) (1)

1.5 *[Vergelyking van bewyse uit Bron 1C en 1D – V3]*

- Bron 1C verklaar dat Britse en Amerikaanse soldate sowat 400 000 vlugte na Wes-Berlyn gemaak het terwyl Bron 1D die vliegtuie wat die vlugte gemaak het duidelik uitbeeld
- Bron 1C verklaar dat Britse en Amerikaanse soldate byna twee miljoen ton kos, steenkool, klere en ander noodsaaklikhede afgelewer het terwyl Bron 1D die kratte waarin die kos, steenkool, klere en noodsaaklikhede vervoer was duidelik uitbeeld.
- Beide bronne wys dat voedsel deur middel van vlugte afgelewer is
- Enige ander relevante antwoord (Enige 2 x 2) (4)

1.6 *[Interpretasie, analise en sintese van bewyse uit relevante bronne – V3]*

Kandidate kan die volgende as punte gebruik om die vraag te beantwoord:

- Die Verenigde State, Frankryk en die Sowjetunie het Duitsland en Berlyn in vier sones verdeel (Bron 1A)
- Die Westerse magte het besluit om hul sones te kombineer om Wes-Berlyn te vorm, terwyl Rusland hul sone Oos-Berlyn genoem het (Eie kennis)
- Geen ooreenkoms is bereik oor ŉ eenvormige regeringstelsel in verskillende sones nie (Eie kennis)
- Westerse magte het ŉ nuwe geldeenheid ingestel en dit het tot voorspoed in Wes Berlyn gelei in vergelyking met armoede in Oos-Berlyn

- Stalin het die bekendstelling van die nuwe geldeenheid as ’n skending van die na-oorlogse ooreenkomste beskou (Bron 1A)
- Stalin het al die toegangsroetes en kanale geblokkeer om totale beheer oor Berlyn te neem (Bron 1A)
- Westerse bondgenote was nie bereid om gewapende konflik met die Sowjet-unie te waag om toegangsroetes na Wes-Berlyn oop te maak nie (Bron 1B)
- Hulle het besluit om hul sektore te voorsien van al die noodsaaklikhede deur vliegtuie (Bron 1B, 1C en 1D)
- Vlugte het elke 45 sekondes by een van die drie lughawens in Wes-Berlyn geland (Bron 1C en Bron 1D)
- Stalin aan ander kant was nie bereid om ’n oorlog te waag deur daardie vliegtuie te skiet nie (Bron 1B)
- In Mei 1949 het Stalin die Blokkade beëindig/opgehef (Bron 1B)
- Enige ander relevante antwoord

Gebruik die volgende rubriek om ’n punt toe te ken:

| | | |
|---|---|---|
| **VLAK 1** | • Gebruik bewyse op ’n elementêre wyse bv. toon min of geen begrip oor hoe **die Berlynse Blokkade bygedra het tot Koue Oorlog-spanning tussen die VSA en die Sowjetunie**.<br>• Gebruik bewyse gedeeltelik om oor onderwerp verslag te doen of kan nie oor onderwerp verslag doen nie. | **PUNTE 0–2** |
| **VLAK 2** | • Bewyse is meestal relevant en hou tot ’n groot mate verband met die onderwerp, bv. **toon begrip oor hoe die Berlynse Blokkade tot Koue Oorlog-spanning tussen die VSA en die Sowjetunie bygedra het**.<br>• Gebruik bewyse op ’n baie basiese wyse. | **PUNTE 3–5** |
| **VLAK 3** | • Gebruik relevante bewyse bv. demonstreer 'n deeglike begrip oor hoe die **Berlynse Blokkade tot Koue Oorlog-spanning tussen die VSA en die Sowjetunie bygedra het**.<br>• Gebruik bewyse baie effektief in ’n georganiseerde paragraaf wat ’n begrip van die onderwerp toon. | **PUNTE 6–8** |

(8)
**[50]**

**VRAAG 2: WAAROM HET ANGOLA DIE FOKUSPUNT VAN DIE KOUE OORLOG GEDURENDE DIE 1970's EN 1980's GEWORD?**

2.1 2.1.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2A – V1]*
- Diamante
- Olie (2 x 1) (2)

2.1.2 *[Definisie van historiese begrip uit Bron 2A – V1]*
- ʼn Vredesooreenkoms tussen vegtende partye om ʼn einde te maak aan ʼn gewapende konflik
- Enige relevante antwoord (Enige 1 x 2) (2)

2.1.3 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2A – V1]*
- Portugal (1 x 1) (1)

2.1.4 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2A – V1]*
- MPLA
- FNLA
- UNITA (3 x 1) (3)

2.1.5 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2A – V2]*
- Rusland wou kommunisme in Afrika versprei.
- Rusland wou vlootbase in Afrika bekom
- Rusland wou handelsooreenkomste met Afrika-lande onderteken
- Enige relevante antwoord (Enige 2 x 2) (4)

2.2 2.2.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2B – V1]*
- '... die supermoondhede en hul bondgenote militêre hulp aan hul voorkeurkliënte gelewer het' (1 x 2) (2)

2.2.2 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2B – V2]*
- Die VSA wou verhoed dat die kommunistiese MPLA Angola oorneem
- Die VSA wou haar petroleum-belange in Angola beveilig
- Die VSA wou nie troepe na Angola stuur nie aangesien sy reeds in Vietnam verslaan was; dus het hulle hierdie bewegings ondersteun om die MPLA omver te werp
- Enige ander relevante antwoord (Enige 1 x 2) (2)

2.2.3 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2B – V2]*
- MPLA en Castro was kommunistiese bondgenote
- Baie Kubane was van Angolese afkoms
- Enige ander relevante antwoord (Enige 1 x 2) (2)

2.2.4 *[Definisie van historiese begrip uit Bron 2B – V2]*
- Die reg van Angolese burgers om hulself te regeer, vry van koloniale beheer/gesag.
- Enige ander relevante antwoord (Enige 1 x 2) (2)

2.3 2.3.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2C – V1]*
- Russe
- Kubane (2 x 1) (2)

2.3.2 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2C – V1]*
- Ruacana'
- 'Calueque' (2 x 1) (2)

2.3.3 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2C – V2]*
- Die MPLA was 'n kommunistiese organisasie.
- Die MPLA was teen SA se apartheidsbeleid gekant
- Die MPLA het SWAPO en ANC toegelaat om militêre basisse in Angola te vestig.
- SA wou nie deur kommunistiese buurstate omring word nie.
- Enige ander relevante antwoord (Enige 2 x 2) (4)

2.3.4 *[Evalueer die bruikbaarheid van bewyse uit Bron 2C – V3]*
**Die bron is BRUIKBAAR omdat:**
- Dit gee 'n objektiewe beeld van SA se betrokkenheid by die Angolese Burgeroorlog van 1975
- Die doel van die bron is om die leser in te lig oor SA se redes vir ingryping in Angola.
- Dit beklemtoon die vrees van die SA regering vir kommunisme.
- Dit wys dat SA ekonomiese en politieke belangstelling in SWA gehad het wat hulle wou beskerm.
- Enige ander relevante antwoord (Enige 2 x 2) (4)

2.4 2.4.1 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2D – V2]*
- SA en UNITA het 'n baie goeie verhouding gehad.
- SA en UNITA was bondgenote.
- SA en UNITA het mekaar se doelwitte tydens die Angolese burgeroorlog ondersteun
- SA het UNITA as die regerende party in Angola verkies.
- Enige ander relevante antwoord (Enige 2 x 2) (4)

2.4.2 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2D – V2]*
- UNITA is die vyand van die MPLA en SA; daarom is die twee bondgenote.
- UNITA is die vyand van die MPLA en daarom is UNITA die vriend van SA.
- Enige ander relevante antwoord (Enige 1 x 2) (2)

2.5 *[Vergelyking van inligting uit Bron 2A en Bron 2D – V3]*

- Bron 2C meld dat SA vir UNITA ondersteun het, terwyl hierdie ondersteuning duidelik in Bron 2D uitgebeeld word.
- Bron 2C meld dat SA begin het met die opleiding van UNITA-soldate, terwyl hierdie ondersteuning duidelik uitgebeeld word op die foto waar Magnus Malan langs PW Botha en Jonas Savimbi gesien word.
- Albei bronne beeld SA en UNITA as bondgenote uit.
- Enige ander relevante antwoord (Enige 2 x 2) (4)

2.6 *[Interpretasie, analise en sintese van bewyse uit relevante bronne – V3]*
Kandidate kan die volgende aspekte in hul antwoorde insluit.

- Na onafhanklikheid het die drie bewegings in Angola meegeding om mag in Angola oor te neem (Eie kennis)
- Angola was ryk aan diamante en olie en het dus buitelandse inmenging aangewakker (Bron 2A)
- Die supermoondhede en hul bondgenote het militêre hulp aan hul voorkeur kliënte gelewer (Bron 2B)
- Die VSA het hulp en opleiding aan FNLA en UNITA verskaf (Bron 2B)
- Die Sowjetunie het ook militêre opleiding en toerusting aan die MPLA (Bron 2B) verskaf
- SA het UNITA ondersteun omdat hulle die verspreiding van kommunisme in Suidelike-Afrika wou verhoed (Bron 2B)
- SA wou sy eie isolasie verbreek en het daarom die VSA se versoek om UNITA te ondersteun, verwelkom (eie kennis)
- MPLA onderhandel met Castro vir Kubaanse hulp (Bron 2B)
- SA was teen die kommunistiese MPLA gekant (Bron 2C)
- Suid-Afrika het UNITA ondersteun (Bron 2B)
- Suid-Afrika het ekonomiese belange in SWA – Ruacana- en Calueque-damme gehad (Bron 2C)
- SA het UNITA ondersteun as die amptelike regering van Angola (Bron 2C en 2D)
- SA en UNITA verenig in hul poging om die MPLA as amptelike regering van Angola omver te werp. (Bron 2C en 2D)
- Enige ander relevante antwoord

Gebruik die volgende rubriek om 'n punt toe te ken:

| | | |
|---|---|---|
| **VLAK 1** | • Gebruik bewyse op 'n elementêre wyse bv. toon min of geen begrip **oor waarom Angola die fokuspunt van die Koue Oorlog in Afrika gedurende die 1970's geword het.**<br>• Gebruik bewyse gedeeltelik om oor die onderwerp verslag te doen of kan nie oor onderwerp verslag doen nie. | **PUNTE 0–2** |
| **VLAK 2** | • Bewyse is meestal relevant en hou verband met die onderwerp bv. toon 'n paar begrip **oor waarom Angola die fokuspunt van die Koue Oorlog in Afrika gedurende die 1970's geword het.** Gebruik bewyse op 'n baie basiese wyse. | **PUNTE 3–5** |
| **VLAK 3** | • Gebruik relevante bewyse bv. demonstreer 'n insig **oor waarom Angola die fokuspunt van die Koue Oorlog in Afrika gedurende die 1970's geword het.**<br>• Gebruik bewyse baie effektief in 'n georganiseerde paragraaf wat 'n begrip van die onderwerp toon. | **PUNTE 6–8** |

(8)

**[50]**

**VRAAG 3: WATTER UITDAGINGS HET DIE LITTLE ROCK NEGE TYDENS DIE INTEGRASIE VAN SENTRAAL HOËRSKOOL IN 1957 IN DIE GESIG GESTAAR?**

3.1 3.1.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3A – V1]*

- ‘dat rasse-segregasie in opvoedkundige fasiliteite ongrondwetlik was’ (1 x 2) (2)

3.1.2 *[Definisie van historiese konsep uit Bron 3A – V1]*

- Die beëindiging van segregasie en die oopstelling van fasiliteite vir alle rasse.
- Enige ander relevante antwoord (Enige 1 x 2) (2)

3.1.3 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 3A – V2]*

- Dit het beteken dat gesegregeerde skole en universiteite die wet oortree het.
- Dit het beteken dat gesegregeerde onderwysgeriewe nie in die grondwet aanvaar en beskerm word nie.
- Enige ander relevante antwoord (Enige 1 x 2) (2)

3.1.4 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3A – V1]*

- ‘Tagtig studente’ (1 x 1) (1)

3.1.5 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 3A –V2]*

- Hulle was meer gemaklik tussen hul eie mense
- Hulle wou rassisme teenoor hulle by Little Rock vermy.
- Hulle wou nie verneder word nie.
- Hulle het geweet dat hul veiligheid nie gewaarborg sou wees nie.
- Hulle het vervolging aan die hande van die KKK vermy.
- Enige ander relevante antwoord (Enige 1 x 2) (2)

3.2 3.2.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3B – V1]*

- ‘Alleen, en met knieë wat bewe, ...’ (1 x 2) (2)

3.2.2 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3B – V1]*

- ‘... ’n bespottende oproerige skare het haar pad geblokkeer.’
- ‘Weereens het die oproerige skare haar omsingel.’
- ‘Kry ’n tou’
- ‘Sleep haar oor na hierdie boom!’
- ‘Kom ons maak ’n plan met die neger’. (Enige 3 x 1) (3)

3.2.3 *[Interpretasie van bewyse in Bron 3B – V2]*

- Die wit oproerige skare was teen integrasie by Hoërskool Sentraal gekant
- Die wit oproerige skare was steeds rassisties
- Die wit oproerige skare het geglo dat blankes meerderwaardig en swartes minderwaardig was.
- Enige ander relevante antwoord. (Enige 2 x 2) (4)

Kopiereg voorbehou 

3.2.4 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 3B – V2]*
- Grace Lorch was nie rassisties nie
- Grace Lorch het nie swartes as ŉ minderwaardig ras beskou nie
- Grace Lorch was ten gunste van integrasie
- Grace Lorch het alle rasse as gelyk beskou
- Grace Lorch was simpatiek teenoor die lot van swartes gesind
- Sy was simpatiek teenoor Eckford
- Enige ander relevante antwoord (Enige 2 x 2) (4)

3.3 3.3.1 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 3C – V2]*
- Rasse-integrasie was nie deur die blanke gemeenskap in Arkansas geduld nie
- Rasse-integrasie sou moeilik toegepas word
- Rasse-integrasie was selfs deur die staatspolisie verhoed
- Enige ander relevante antwoord (Enige 2 x 2) (4)

3.3.2 *[Evaluering van die betroubaarheid van bewyse in Bron 3C – V3]*
**Die bron is BETROUBAAR tot ŉ groot mate omdat dit:**
- ŉ Primêre bron is wat eerstehandse inligting oor die gebeurtenis verskaf
- Die inligting deur ander historiese bronne bevestig kan word
- Die fotograaf teenwoordig tydens die gebeurtenis was – ooggetuie
- Enige ander relevante antwoord (Enige 2 x 2) (4)

3.4 *[Vergelyking van bewyse in Bronne 3B en 3C – V3]*
- Bron 3B verklaar dat Elizabeth op pad skool toe deur ŉ woedende blanke skare begroet was, terwyl Bron 3C die woedende skare uitbeeld
- Bron 3B verklaar dat die Nasionale Wagte niks gedoen het om Elizabeth te beskerm nie terwyl Bron 3C die Nasionale Wagte uitbeeld as passiewe soldate wat die gebeurtenis net aanskou in plaas daarvan om Elizabeth te beskerm
- Enige ander relevante antwoord. (Enige 2 x 2) (4)

3.5 3.5.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3D – V1]*
- '... hy die aksie geneem het om die oppergesag van die reg te verdedig ...'
- 'en eie reg deur oproerige skares en anargie te voorkom.' (2 x 1) (2)

3.5.2 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3D – V1]*
- 'Swart studente was nog steeds aan verbale en fisieke aanrandings aan die hand van ŉ faksie wit studente onderwerp'
- 'Melba Patillo, een van die nege, was met suur in haar oë gegooi'
- 'Elizabeth Eckford was van die trappe afgestoot'
- 'Die drie manlike studente in die groep was aan meer konvensionele aanrandings onderwerp'
- 'Minnijean Brown was geskors nadat sy ŉ bak kerriekos oor die kop van ŉ tergende wit student gestort het' (Enige 2 x 1) (2)

3.5.3 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 3D – V2]*
- Hy was teen rasse-integrasie van skole gekant.
- Faubus was ŉ rassis.
- Faubus wou voorkom dat die swart leerders die skool binnegaan.
- Enige ander relevante antwoord. (Enige 1 x 2) (2)

3.5.4 *[Definisie van historiese konsep in Bron 3D – V2]*
- Verwys na die situasie waar Afro-Amerikaners en blankes dieselfde fasiliteite sou deel sonder rassediskriminasie.
- Enige ander relevante antwoord. (Enige 1 x 2) (2)

3.6 *[Interpretasie, analise en sintese uit relevante bronne – V3]*
Kandidate kan die volgende aspekte in hul antwoorde insluit:

- Die rassediskriminasie was baie algemeen in die suidelike state en Arkansas is ook geraak (Bron 3A)
- *Brown versus Raad van Onderwys van Topeka* beslis dat rasse-segregasie in opvoedkundige fasiliteite ongrondwetlik was (Bron 3A)
- Integrasie by Little Rock was goedgekeur maar omdat dit in die suide geleë was, was baie uitdagings verwag (Bron 3A)
- Elizabeth Eckford, een van die Little Rock nege is toegang by die Sentraal hoërskool geweier (Bron 3B)
- ŉ Woedende wit oproerige skare het haar omring, op haar geskree en haar geteister (Bron 3B)
- Die wagte het niks gedoen om Elizabeth Eckford te beskerm nie (Bron 3B en 3C)
- Die president het besluit om integrasie met geweld af te dwing (Bron 3D)
- Swart studente is aan verbale en fisiese aanrandings onderwerp (Bron 3D)
- Goewerneur Faubus het die skoolintegrasieplan beveg deur Little Rock se hoërskool te sluit eerder as om integrasie toe te laat (Bron 3D)
- Ten spyte van die uitdagings het die meerderheid swart studente gegradueer (Bron 3D)
- Enige ander relevante reaksie

Gebruik die volgende rubriek om ŉ punt toe te ken:

| | | |
|---|---|---|
| **VLAK 1** | • Kan nie bewyse onttrek of bewyse uit die bronne op ŉ baie elementêre wyse onttrek nie, **bv. toon min of geen begrip van die uitdagings wat die Little Rock Nege in 1957 tydens die integrasie van Sentraal hoërskool in die gesig gestaar het**.<br>• Gebruik bewyse gedeeltelik om oor onderwerp verslag te doen of kan nie oor onderwerp verslag doen nie. | **PUNTE 0–2** |
| **VLAK 2** | • Onttrek bewyse uit die bronne wat meestal relevant is en in ŉ groot mate verband hou met die onderwerp, bv. **toon begrip van die uitdagings wat die Little Rock Nege in 1957 tydens die integrasie van Sentraal hoërskool in die gesig gestaar het**.<br>• Gebruik bewyse uit bronne op ŉ baie basiese wyse. | **PUNTE 3–5** |
| **VLAK 3** | • Gebruik bewyse uit bronne baie effektief in ŉ georganiseerde paragraaf wat 'n deeglike begrip van die onderwerp toon **bv. demonstreer ŉ deeglike begrip van die uitdagings wat die Little Rock Nege in 1957 tydens die integrasie van Sentraal hoërskool in die gesig gestaar het.**<br>• Gebruik bewyse baie effektief in ŉ georganiseerde paragraaf wat ŉ begrip van die onderwerp toon. | **PUNTE 6–8** |

(8)
**[50]**

## AFDELING B: OPSTELVRAE

## VRAAG 4: DIE KOUE OORLOG – VIËTNAM

*[Beplan en konstrueer ŉ oorspronklike argument gebaseer op relevante bewyse deur analitiese en interpretatiewe vaardighede te gebruik.]*

SINOPSIS
Kandidate moet saamstem of nie saamstem met die stelling nie en hul argument met relevante historiese bewyse ondersteun. As hulle nie met die stelling saamstem nie, moet die kandidate die ander militêre strategieë wat gebruik is om kommunisme te beperk, identifiseer en bespreek.

Hoofaspekte
Kandidate moet die volgende aspekte in hul antwoorde insluit:
Inleiding: Kandidate moet met die stelling saamstem of nie saamstem nie en hul redes kortliks verduidelik.

UITBREIDING
- Na die Franse Viëtnamese oorlog was Viëtnam verdeel langs die $17^{de}$ Parallel, in Noord- en Suid-Viëtnam
- Noord-Viëtnam was onder die bewind van ŉ kommunistiese regime, terwyl Suid-Viëtnam onder ŉ kapitalistiese regime was
- Die VSA het onvoorwaardelike ondersteuning aan Suid-Viëtnam gegee
- Suid-Viëtnam is geregeer deur die korrupte en ongewilde Ngo Dinh Diem
- Die Nasionale Bevrydingsfront is gestig en het 'n guerrilla-leër, die Viëtcong gevorm
- Ngo Dihn Diem is omver gewerp – onstabiliteit in Suid-Viëtnam
- Vietcong het ŉ uitgerekte veldtog begin om Viëtnam te verenig
- China en Noord-Viëtnam het die Viëtcong ondersteun
- Die VSA het betrokke geraak – om die verspreiding van kommunisme in Suid-Oos-Asië te voorkom – die 'Domino-Effek'
- Die Viëtcong ontvang voorrade van die kommunistiese Noord-Viëtnam deur die Ho Chi Minh Roete
- **VSA se operasie/veldtog Rolling Thunder:** Bomaanval-veldtogte gerig teen Noord-Viëtnam. Duisende burgerlikes is deur die bomme doodgemaak. Bomaanvalle was intensief en dit het vir agt jaar geduur. Die operasie/veldtog het misluk, deels omdat Noord-Viëtnam hoofsaaklik ŉ boerderygemeenskap-land was en daar geen militêre of industriële teikens was nie. Rusland en Chinese was in staat om alle militêre voorrade wat die Amerikaners vernietig het, te vervang
- **Tet-offensief-:** Op 30 Januarie 1968 het die Viëtcong en Noord-Viëtnamese Weermag wydverspreide aanvalle op ongeveer 100 stede en dorpe geloods. Hierdie aanvalle was beplan om saam te val met die eerste dag van die Tet vakansie, hoewel daar ŉ ooreenkoms was om ŉ skietstilstand gedurende die vakansie te onderneem. Die aanval het as ŉ verrassing vir die Suide en sy Amerikaanse bondgenote gekom.

- **Die VSA se gebruik van tegnologiese wapens**: Amerikaners het ŉ paar metodes gebruik wat staatgemaak het op die toepassing van die wetenskap tot oorlogvoering. Helikopters is gebruik om troepe te vervoer. ŉ Groot probleem vir die Amerikaners was om die VC in die dik, tropiese oerwoud te vind. Hulle het dus Agent Oranje ontwikkel om die oerwoud te vernietig waar die VC-soldate kon wegkruip. Agent Blue is deur Amerikaners gebruik en dit het die land besoedel, wat vir baie jare onvrugbaar gebly het. Amerika het ook chemiese wapens gebruik wat aan die brand slaan. Napalm produseer ŉ dik jellie stof wat homself heg aan die vel en deur na die spiere en bene brand.
- **Soek-en-vernietig beleid:** Die doel van die beleid was om die vyand te vind en te vernietig. Een probleem was om die vyand te identifiseer. Onskuldige burgerlikes was die slagoffers van die bomme. Dit was dus baie ŉ tref-en-mis-beleid.
- Die VSA se openbare teenkanting teen die oorlog
- Die VSA se swaar verliese
- Die VSA-onttrekking
- **Val van Saigon:** Die hoofstad van Suid-Viëtnam was Saigon en die Amerikaanse ambassade self is na ses en ŉ half uur deur guerrillas beset. Amerikaners het hierdie geleentheid op TV gekyk. Die simbool van Amerikaanse mag en prestige wat die sentrum van Saigon oorheers het, is met koeëlgate van ontslae geraak.
- Amerikaanse perspektief van die oorlog
- Viëtnamese perspektief van die oorlog

- Enige ander relevante antwoord

- Slot: Kandidate moet hul argument met ŉ relevante slot saamvat. **[50]**

**VRAAG 5: ONAFHANKLIKE AFRIKA: GEVALLESTUDIE – DIE KONGO**

*[Beplan en konstrueer ŉ oorspronklike argument gebaseer op relevante bewyse deur analitiese en interpretatiewe vaardighede te gebruik.]*

SINOPSIS
Kandidate moet fokus op die politieke en ekonomiese uitdagings wat die Kongo in die gesig gestaar het nadat hulle onafhanklikheid bereik het. Hulle moet ook al die suksesse wat behaal is ten spyte van die omstandighede beklemtoon.

HOOFASPEKTE
Kandidate moet die volgende aspekte in hul antwoorde insluit:
Inleiding: Kandidate moet die suksesse en uitdagings wat die Kongo in die gesig staar krities bespreek met spesifieke verwysing na die ekonomiese en politieke aspekte na die verkryging van onafhanklikheid van koloniale heerskappy.

UITBREIDING

**POLITIEKE ASPEKTE**

**Kongo:**
- Die bereiking van onafhanklikheid deur demokratiese verkiesings (die Kongo 1960) – J. Kasavubu het president geword en P. Lumumba het die eerste minister geword
- Nadat hy veelpartyverkiesings tydens onafhanklikheid gehou het, het die Kongo binne die eerste vyf jaar na onafhanklikheid ŉ eenpartystaat geword
- Mobuto Sese Seko het lewenslank as president aangebly tot sy dood in 2007
- Mobuto het ŉ gevoel van nasionale eenheid en trots in Zaïrese identiteit en kultuur probeer bevorder
- Hy het die naam van die Kongo na Zaïre verander
- Die nuwe naam het ŉ program van 'Zaireanisasie' ingelei
- Mobuto het die faksie/groep ondersteun in die Angolese burgeroorlog wat besig was om te verloor
- Mobuto Sese Seko het ŉ kleptokrasie geskep waar ŉ groep aangestelde publieke amptenare hul posisies vir finansiële gewin misbruik het
- Het Afrika-waardes teruggebring
- Sterk gesentraliseerde regering
- Politieke stabiliteit (alhoewel gebaseer op outoritarisme)
- Enige ander relevante respons

**EKONOMIESE ASPEKTE**
- Die Kongo het ŉ eenproduk-ekonomie van haar koloniseerder geërf
- Die Kongo het ŉ kapitalistiese model gevolg
- Die Kongo het gesukkel om sy ekonomie te ontwikkel
- Mobuto het aanvanklik nywerhede genasionaliseer met behulp van die Zairianisasie-beleid – plase en besighede van die buitelandse eienaars is afgeneem en met Kongolese burgers vervang.
- Die Kongolese burgers was ontevrede omdat die land se ekonomie in duie gestort het.

- Die Kongolese was sonder kos en etniese groepe het onder mekaar baklei om waardevolle hulpbronne te beheer
- Toe dit misluk het weens ŉ gebrek aan vaardighede en swak bestuur het hy ŉ kapitalistiese model aangeneem en besighede aan buitelandse eienaars terug gegee
- Hy het die idee van vrye onderneming ondersteun en buitelandse maatskappye aangemoedig om hulself by die ekonomiese ontwikkeling van Zaïre te betrek
- Kongo moes buitelandse hulp aanvaar en beleggings toelaat wat aanvanklik as neo-kolonialiste beskou is

- Enige ander relevante antwoord.

- Slot: Kandidate moet hul argument met ŉ relevante slot saamvat. **[50]**

## VRAAG 6: BURGERLIKE SAMELEWING BETOGINGS VAN DIE 1950's TOT DIE 1970's – DIE SWARTMAGBEWEGING

*[Beplan en konstrueer 'n oorspronklike argument gebaseer op relevante bewyse deur analitiese en interpretatiewe vaardighede te gebruik.]*

SINOPSIS
Kandidate moet aandui in hoeverre die Swartmagbeweging daarin geslaag het om die lewens van Afro-Amerikaners in die 1960's te verander.

HOOFASPEKTE
Kandidate moet die volgende aspekte in hul reaksie insluit:
Inleiding: Kandidate moet aandui in watter mate die Swartmagbeweging daarin geslaag het om die lewens van Afro-Amerikaners in die 1960's te verander. Hulle moet ook aandui hoe hulle hul argument wil ondersteun.

UITBREIDING
**Oorsake**
- Swartes in die noorde is steeds teen gediskrimineer en steeds ekonomies ontmagtig
- Swartes was ontnugter oor die stadige tempo van verandering en vreedsame protesaksies van die CRM
- Polisie-brutaliteit was 'n bydraende faktor
- Het nasionalistiese gevoelens aangewakker –- die reg om hulself te regeer

**Swartmag**
- Hierdie filosofie het selfstandigheid en selfbeskikking voorgestaan
- Swartes aangemoedig om trots op hulself te wees
- Swartes aangemoedig om hul eie politiek in hul gemeenskappe te beheer
- Swartes aangemoedig om hulself teen polisie-wreedhede te beskerm

**Die Black Panther Party**
- Newton en Searle het die BPP vir selfverdediging gevorm
- Hulle het die stede gepatrolleer om Swartes teen polisiewreedheid te beskerm
- Die Tienpuntprogram was geïmplementeer
- Het beter huisvesting en werksgeleenthede vir Swartes geëis
- Die oorlewingsprogramme ('Survival Programmes') was geïmplementeer
- Gratis ontbyt vir kinders, geletterdheidsklasse, voedingskemas en gratis mediese klinieke
- Het geëis dat swart geskiedenis in swart skole onderrig word
- Verwerpte wit idees van mode
- Was teen rasse-integrasie gekant

**Die rol van Malcolm X:**

- Malcolm X was ʼn kragtige spreker en toegewyde menseregte-aktivis
- Malcolm X het in swart skeiding, selfbeskikking (swart nasionalisme) geglo en hy het selfrespek en selfdissipline bepleit
- Hy het geglo in die konsep van Swart self-trots en selfbeeld / selfrespek / selfhelp
- Gevra vir selfverdediging (aggressie) in hul revolusie bv. rasse-onluste in Watt, Detroit
- Wou hê Afrika-Amerikaners moet opstaan teen wit owerhede in die nastrewing van vryheid, geregtigheid en gelykheid op watter manier ook al moontlik
- Bevorder die gebruik van geweld as ʼn manier van selfverdediging teen diegene wat Afro-Amerikaners aangeval
- Enige ander relevante antwoord

**Die rol van Stokely Carmichael:**

- Stockely het in 1966 die voorsitter van SNCC (Student Non-violent Koördinerende Komitee) geword en besluit om die leerstellings van die Swartmagbeweging aan te neem.
- In 1966 het hy die Black Power-slagspreuk 'Swart is pragtig' gewild gemaak
- Bepleit die beginsels van Swartmag (doen dinge vir jouself; beheer politiek in hul gemeenskappe; is trots op eie kultuur en verdedig hulself teen rasse-onderdrukking en manipulasie).
- Hy het nie in vreedsame verset as ʼn strategie geglo nie weens voortslepende geweld wat deur wit Amerikaners teen Afro-Amerikaners gebruik is.
- Bepleit die uitsluiting van 'wit' liberale as ʼn filosofie vir Afro-Amerikaners
- Stokely Carmichael was ten gunste van Afrika-klere en Afrika-haarstyle as simbool van Swart trotsheid
- Carmichael het by die Black Panther Party (vir selfverdediging) aangesluit wat die Swartmag/Swart trotsheid-filosofie in aksie gestel het.
- Die Black Panther party is deur Bobby Searle en Huey Newton gestig
- Hulle was betrokke by die inisiëring en ondersteuning van gemeenskapsgebaseerde programme en voedingskemas asook anti-armoede sentrums; vir verdediging teen polisiewreedheid; gefokus op sosio-ekonomiese toestande van Afro-Amerikaners en het ook gemeenskapsoorlewingsprogramme bedryf
- Die Tienpunt-plan het gedien as die Black Panther Party Manifesto wat sy sosiale, politieke en ekonomiese doelwitte gedek het
- Die Black Panther Party het by straatpatrollies betrokke geraak; polisie-aktiwiteite gemonitor en hulself verdedig deur gewere (militêre benadering) te dra om die voortslepende polisiewreedheid en teistering van jong stedelike swart mans te stop

- Enige ander relevante antwoord.

- Slot: Kandidate moet hul argument met ʼn relevante slot saamvat. **[50]**

**TOTAAL: 150**

Kopiereg voorbehou